**PREDIKER 1:2-11, 2:1-11 & 1 Kor 15:54-58**

**29 November 2009**

IS JY 'N ORNAMENT OF INSTRUMENT?

Wat maak die lewe vir jou **die moeitewerd**? Wat maak dit die moeitewerd om *aan te hou* lewe? Sal jou rede oor 30-40 jr nog geld? Kan die lewe van iemand op 'n plekkie soos *Riemvasmaak* die moeitewerd wees?
Die skrywer van die boek **Prediker** sal sê: *"Nee – ook nie van iemand in Pretoria of New York nie!"*
Luister 'n bietjie of lees saam met my:
1:2-11
2:1-11
Hy het **alles probeer** en elke keer tot dieselfde gevolgtrekking gekom: Alles is *tevergeefs.* Dis alles *verniet*. Dis 'n *gejaag na wind*. **So is die lewe**!

**Paulus verskil** radikaal van hom. Hy is weer oortuig die lewe is NIE tevergeefs nie. Of jy nou op Riemvasmaak of in New York is. Dit **hang niks af van** jou omgewing, jou soort werk, jou IK, jou rykdom, mag of invloed nie.

**Vir wie moet 'n mens nou glo?** Albei van hulle het tog in God geglo!

**Die verskil is Jesus Christus**. Die verskil tussen Prediker se pessimistiese siening en Paulus se positiewe uitkyk op die lewe help ons om te besef watter **groot verskil** Jesus kom maak het en vandag nog in mense se lewens maak. **Hy bring HOOP**. Hy bring SIN.

**Die Prediker skryf** sy boek ongeveer 250 vC. Hy was onder die indruk dat as jy dood is, is jy dood – *finish* en klaar! (lees 3:19, 20)

**Paulus skryf** sy brief in die *tyd tussen Christus se koms en wederkoms*. Hy weet maw dat die *dood danksy die Here Jesus oorwin* is en dat die wat in die *Here Jesus* glo, *sal lewe* al het hul ook gesterwe. Anders as die Prediker, leef hy dus met 'n **wonderlike verwagting** van die toekoms. Hy *wag nie op* die dood nie, maar op die Here Jesus! Sy *oë is nie gerig* op die dood nie, maar op die lewe.

Luister na 1 Kor 15:54-58 (lees)

**Die boodskap** vir ons wat tussen Christus se eerste en tweede koms leef, is: Wat jy ookal doen, doen dit *vir die Here* en dit sal nie verniet wees nie! Wees ‘n **bruikbare instrument** vir Hom en nie net ‘n **mooi ornament** nie!

DVD:  Eierpryse – BUVTON